Meer as oorwinnaars

- Tina Human is opgeneem in Eugene Marais hospitaal . Sy het haar toon beseer met ‘’n val. Ons bid dat sy nie haar toon gaan verloor deur gangreen nie.
- Connie Schaefer is in 1 Militêre hospitaal opgeneem met long- en nierprobleme. Bid dat sy spoedig sal herstel.
- Nellie Zaayman het gehoor sy het kanker op haar voorkop en sy sien op 5 September ‘n plastiese chirurg. Ons ID dat sy die regte behandeling sal kry.
- Marie Verwoerdt is opgeneem om ‘n pasaangeër te ontvang. Mag die prosedure vir haar kwaliteit toevoeg.
- Rita von Wielligh is tuis na ‘’n mastektomie. Sy het nog ongemak. Kom ons vra die Here om haar nuwe moed en hoop te gee.
- Margaret du Toit is weer tuis en sy sê sy voel do 85% van haar ou self. Bid asb. dat die Here se genade groot sal wes en die laaste 15% tot tot volkome genesing sal gee.
- Lukas Erasmus het weer met sy rug in die hospitaal beland. Dra hom op aan die Genadetroon sodat hy genesing kan kry.
- Bill Smith het ‘n moontlike knievervanging afgeweer. Dit gaan baie beter en hy het nie meer las van die knie nie. Loof die Here daarvoor.
- Con de Beer is uit die Kardiologie Intensief oorgeplaas na hoësorg. Hy herstel nog na ‘ groot beroerte en bloeding op die brein. Sal almal asb. saam bid vir sy herstel.
- Riekie Cilliers het uit multi- ICU geskuif na ‘’n saal. Ons is dankbaar vir haar beterskap en bid dat sy elke dag die Here se liefde en groot vrede sal ervaar.

* Ernie en Ilse Blignaut het onlangs 'n kleinseun ryker geword. Wat dit so spesiaal maak is dat dit hul eerste kleinseun is. Baie geluk aan oupa en ouma en mag julle net vreugde ervaar.

Prediker: *Ds. Gideon du Toit*

Spreker: *Tertia Kellerman*

Skriflesing: *1 Petrus 1:3-16*

Tema: *ONS HET LEWENDE HOOP*

Liedere: *199: 1- 3: 302: 1,2: 309: 1-3: 421:1-3*

Rusoord: *10:30* **Jeug:** *18:00*

Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

Groei goeie gewoontes

Stephan Joubert

Ons borsel ons tande elke dag op dieselfde manier. Ons ry met dieselfde roete kerk toe en werk toe. Sulke roetines gebeur outomaties. ’n Studie wat by Duke Universiteit in die VSA gedoen is, bevind sowat 40% van ons daaglikse aktiwiteite bestaan uit vaste roetines. Daar is niks verkeerd hiermee nie. Die probleem is egter al daardie slegte gewoontes wat soms in ons lewe vorm aanneem. Goor gewoontes, soos om te veel te drink of te eet; pornografie te beloer, ensovoorts, is vernietigend.

Doelbewuste keuses om sulke vernietigende gewoontes in die oë te kyk en te laat staan, is al uitweg. Dit sluit professionele hulp in wanneer slegte gewoontes verslawend geraak het.

Hiermee saam is nuwe geloofsgewoontes ook nodig. Die slim ouens sê dit neem ongeveer 21 dae om ’n nuwe gewoonte te omskep in ’n leefstyl. Nou ja, dan moet ons van vandag af nuwe geloofsroetines inoefen wat ons aandag op kreatiewe manier na die Here toe verskuif.

Hier is ’n paar nuwe maniere om dit te doen:
(a) Bid meermale deur die loop van elke dag.
(b) Lees ’n paar hoofstukke uit die Bybel op ander tye as gewoonlik.
(c) Doen elke dag iets goed in Jesus se naam vir iemand.

Dan verskuif jou lewe Godwaarts nog lank voordat Augustusmaand verby is.

Die Kankondiger
18 Augustus 2019

ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3

Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.

Kennisgewingbord

BRUIN GELD

Tans is daar **vanaf Mei 2017** al **5975.48** ingesamel vir Sending

DEURKOLLEKTE

Die week gaan dit vir: **Instandhouding**

Kruideniersware vir CMR

Dit is in Augustus ons Gemeente se beurt om vir die CMR nie-bederfbare kruideniersware te verskaf. Neem asseblief by die deur 'n strokie en koop dan dit wat op die strokie verskyn. U kan dit kerk toe bring wanneer dit u pas. Indien u enigiets anders wil bring wat nie-bederfbaar is nie en wat nie op u strokie verskyn nie, is u baie welkom. Hierdie is 'n versoek wat maar een keer per jaar op ons pad kom. Kom ons werk almal saam om 'n groot bydrae te maak vir die CMR. Baie dankie by voorbaat. Bel vir Jansie vir navrae hieroor. (073-179-3295).

♦ Gemeente-ete 25 Augustus

Heerlike potjiekos gaan gemaak word! Kaartjies @ R50 per kop is beskikbaar by Susann na kerk by die tee of in die kantoor tot Woensdag 21 Aug om 12:00. Volgende Sondag bly ons sommer na kerk en kuier saam totdat die ete bedien word. Onthou eie eetgerei en drinkgoed.

♦ Kerkbasaar op Saterdag 5 Oktober 2019 !!

KLOOFSIG BASAAR

NG KERK & KLM CHURCH

7 September 2019 09:00 - 14:00

BYBELSTUDIEGROEPE :

Dinsdag	09:00	Noorde	Woensdag	09:00	Parkrand
	10:00	La Vie		10:00	Lofdal
Donderdag	09:00	Dienssentrum			
	10:00	La Borie en	11:00	Protea	

Bid vir die Nasies

Op Woensdag 7 Augustus het die Europese Kommissie aangekondig dat hy €50 miljoen ($56 miljoen) in nood humanitêre fondse bewillig om gemeenskappe wat deur die droogte, in die Horing van Afrika geraak word, te ondersteun. Die droogte het middel 2018 begin en die streek het minder as 50 persent van sy gemiddelde jaarlikse reënval tussen Maart en middel Mei 2019 ontvang. Hierdie droogte raak meer as agt miljoen mense in Ethiopië, meer as vyf miljoen in Somalië en meer as 1.5 miljoen in Kenia.

Baie van die droogtegeteisterde gebiede, word ook deur interne geweld en konflik geraak, aangesien veewagter-gemeenskappe om kwynende hulpbronne meeding, ondervoeding, hongersnood en aansteeklike siektes.
Die Horing van Afrika is die tuiste van ongeveer 115 miljoen mense. Somalië het die kleinste Christen- gemeenskap (0.3% belydende Christene), terwyl Kenia die grootste hoeveelheid Christene het (78%). Bid asseblief saam

Baie geluk aan almal wat van 18 Augustus tot 24 Augustus verjaar

Noemnaam	Van	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Cynthia	Botha	08/20	012 6648878	082 612 5712
Renee	Oosthuizen	08/20		
Cleo	Terblanche	08/20		
Susaar	Van Rooyen	08/22	012 664 4639	083 379 1463
Nadia Anné	Mostert	08/23	012 664 4652	
Marthie	Bunton	08/23	012 664 5835	
Jan	Vosloo	08/23		
Hans	Goosen	08/24	012 6640370	084 818 3212

Gestremdheid Sondag

Sondag 25 Augustus is Gestremdheid Sondag. Sandy Thompson en sy gesin besoek die gemeente en gesels oor die pad wat hulle met hulle dogter Riëtte wat Downs Sindroom het loop.